automechanika
SOUTH AFRICA

Persverklaring

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 9 - 12 Maart 2011

GROOT INTERNASIONALE BELANGSTELLING IN AUTOMECHANIKA SUID-AFRIKA

Die promosiekraampie van Automechanika Suid-Afrika het by die onlangse Automechanika-naverkopehandelskou Midde-Ooste in Dubai groot belangstelling onder internasionale uitstallers uitgelok. Die volgende Automechanika-handelskou in Suid-Afrika word van 9 tot 12 Maart 2011 by die Expo Centre in Gauteng aangebied.

Philip Otto, Direkteur van Automechanika SA, het die kraampie persoonlik beman en volgens hom was daar groot belangstelling in die komende Suid-Afrikaanse skou van lande en maatskappye wat verlede jaar aan die eerste Automechanika SA in Johannesburg deelgeneem het, sowel as van diegene wat nie daar was nie.
“Die terugvoering van diegene wat verlede jaar in Johannesburg uitgestal het, was besonder positief en dit is verblydend dat ‘n belangrike voertuigland soos Frankryk, wat nie verlede jaar deelgeneem het nie, in 2011 ‘n nasionale paviljoen sal hê. Dieselfde geld Maleisië. Verlede jaar het net twee Maleisiese maatskappye aan ons skou deelgeneem, terwyl die land aanstaande jaar ‘n nasionale paviljoen sal hê.”

Volgens Otto was die nege Suid-Afrikaanse maatskappy wat in die SA paviljoen by die Dubai-skou uitgestal het, baie positief oor hul deelname en hulle het goeie transaksies beklink.

Ten spyte van die voortgesette strawwe internasionale handelstoestande was daar vanjaar meer uitstallers as ooit tevore in Dubai – meer as duisend – terwyl daar 33% meer internasionale besoekers was as verlede jaar. Die meeste uitstallers en handelsbesoekers het hul tevredenheid uitgespreek met die groot getal transaksies wat in die loop van die drie skoudae beklink is en die handelsnavrae en potensiële klante wat hulle gekry het.

Volgens Stephan Kurzawski, Handelsmerkbestuurder van die Frankfurt Messe in Duitsland, sal die voortgesette welslae van die Automechanika-handelskoue vir die voertuignaverkopemark daartoe lei dat ‘n verdere een tot agt nuwe stede hierdie skoue in die volgende dekade sal aanbied.

Kurzawski, wat op ‘n internasionale internet-mediakonferensie gepraat het, het gesê dat hul 14de handelskou van 29 Maart tot 2 April 2011 in Madrid, Spanje, aangebied sal word. “Dit is net enkele weke na die tweede aanbieding van Automechanika Suid-Afrika, wat van 9 tot 12 Maart plaasvind. Johannesburg was verlede jaar die 13de wêreldstad waarin ‘n Automechanika-handelskou aangebied is.

“Die doel is om die nuwe Madrid-skou, Motortec Automechanika Ibérica, te vestig as die leier in die Iberiese voertuigonderdele- en naverkopesektor. Dit is die eerste skou wat Messe Frankfurt in Spanje reël. Danksy Messe Frankfurt se samewerking met IFEMA is dit die eerste keer dat ‘n groot Duitse handelskoumaatskappy een van sy kragtigste skouhandelsmerke na Spanje bring. Motortec is die pioniershandelskou vir die Spaanse en die Portugese markte en ontvang groot steun van al die verenigings in die voertuigbedryf,” het Kurzawski verduidelik.

“Ons Automechanika-handelsmerk is verreweg die wêreldleier ten opsigte van handelskoue vir die voertuignaverkopemark en ons bly besig om versoeke te evalueer van organiseerders in lande oor die hele wêreld om hierdie bekende handelsmerk aan te bied. Dit is besonder bemoedigend om te sien hoe ons handelsmerk wêreldwyd aanvaar word, veral as ‘n mens in ag neem dat ons ons eerste handelskoue buite Duitsland maar in 1997 aangebied het. Dit was Automechanika in St Petersburg en Automechanika Asië.”

In antwoord op ‘n vraag gedurende die mediakonferensie het die Direkteur van Automechanika Frankfurt, Thomas Aukamm, gesê ten spyte van die strawwe globale handelstoestande vir die motorbedryf was daar ‘n uitstekende reaksie van uitstallers vir vanjaar se skou, die voorste Automechanika-handelskou ter wêreld, wat van 14 tot 19 September aangebied word.

“Ons het reeds 96% van die uitstalruimte verkoop wat by Automechanika Frankfurt 2008 gebruik is, wat besonder verblydend is. Dit is so dat ons nou selfs meer ruimte as ooit tevore het danksy die oprigting van bykomende uitstalgeriewe, maar ons is vol vertroue dat ons ten minste net soveel uitstallers as in 2008 sal hê, toe byna 4 500 maatskappye van 80 lande en organisasies hul produkte vertoon het.

“Die een saal vir uitstallers van verf- en bakherstelprodukte is reeds vol bespreek en ons laat dit in ‘n volgende saal oorloop. Ons is ook verheug dat drie voertuigvervaardigters vanjaar groot uitstallings in Frankfurt sal hê: die Volkswagen-Groep, Mercedes-Benz en BMW.”

Volgens Stephan Kurzawski verwag hy ten minste net soveel besoekers as in 2008, toe meer as 160 000 mense van 146 lande die handelskou besoek het.

En Philip Otto sluit af: “Hierdie positiewe gees ten opsigte van Frankfurt 2010 is goeie nuus vir ons, wat nou besig is met die voorbereidings vir Automechanika Suid-Afrika 2011. Die handelskou sal in die opgeknapte Expo Centre aangebied word.”

Agtergrondinligting oor Messe Frankfurt

Messe Frankfurt is Duitsland se voorste organiseerder van handelskoue. Die maatskappy het meer as 1 660 werknemers wêreldwyd en verkope het in 2009 424 miljoen Euros beloop. Die Messe Frankfurt-groep het ‘n globale netwerk van 28 filiaalmaatskappye, vyf takkantore en 52 internasionale Verkoopsvennote, wat die maatskappy ‘n teenwoordigheid in 150 lande gee. Messe Frankfurt bied skoue in meer as 30 stede oor die hele wêreld aan. In 2009 het die maatskappy meer as 90 handelskoue gereël, waarvan meer as die helfte buite Duitsland aangebied is.

Messe Frankfurt se skouterrein van 578 000 vierkante meter huisves tans 10 skousale en ‘n Kongressentrum daarnaas. Dit is ‘n openbare maatskappy waarin die Stad Frankfurt ‘n 60 persent- en die Duitse staat Hesse ‘n 40 persent-aandeelhouding het.

Vir meer inligting, besoek ons webwerf by www.messefrankfurt.com

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za